higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

## MENSLIKE EN SOSIALE ONTWIKKELING
### NKR VLAK 2

(5050022)

**10 Desember 2020 (X-vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.**

502Q1N2010

Kopiereg voorbehou

**TYD: 3 UUR**
**PUNTE: 180**

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1. Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die vermoë om ’n situasie te bestuur of te hanteer:

A Aanpas
B Sukkel
C Aksie
D Passief



1.1.2 Die … beheer jou liggaam.

A hart
B longe
C brein
D spiere

1.1.3 Witskrif … handel oor vroeë kinderontwikkeling.

A 5
B 6
C 7
D 4



1.1.4 Abraham Maslow het geglo dat motivering die gevolg is van bevrediging van …

A mense se behoeftes.
B mense se begeertes.
C basiese liggaamsfunksies.
D hoër kognitiewe denke.

1.1.5 Die … domein hou verband met die vermoë om feite te memoriseer en spesifieke probleme op te los.

A sosio-affektiewe
B psigomotoriese
C emosionele
D kognitiewe



1.1.6 Ons liggaam se ‘instruksiehandleidings’ wat sekere eienskappe van mense bepaal:

A Gene
B Chromosome
C Sinapse
D Neuro-oordraers

1.1.7 … het die teorie van veelvuldige intelligensie ontwikkel.

A Howard Gardner
B Abraham Maslow
C Jean Piaget
D Bronfenbrenner

1.1.8 Mense met … intelligensie neem gewoonlik aan aktiwiteite deel wat beweging behels, soos sport, om dinge te maak, toneelspel, ens.

A ruimtelike
B taal-
C logies-wiskundige
D liggaamlik-kinestetiese

1.1.9 ’n Sosiale kwessie wat gesonde ontwikkeling kan beïnvloed en verhoed:

A Armoede
B Selfbeeld
C Opvoeding
D Selfvertroue

1.1.10 Die … bevat 80% van die neurons in die brein.

A hipotalamus
B serebrum
C serebellum
D korteks

1.1.11 Die … toets word gebruik om die gesondheid van ’n pasgebore baba te meet en te bepaal of die baba enige noodbehandeling moet kry.

A Moro-
B Babinski-
C Apgar-
D Persoonlikheids-

Kopiereg voorbehou 

1.1.12 Sosiale … beteken dat party sosiale groepe en sosiale stelsels met sekere eienskappe sekere regte en voordele ontneem word.

A insluiting
B uitsluiting
C aanvaarding
D verdeeldheid

1.1.13 Die Departement van … verskaf pensioen aan ouer mense.

A Onderwys
B Korrektiewe Dienste
C Maatskaplike Ontwikkeling
D Justisie

1.1.14 Die … gee aan onderwysers inligting oor die konsepte en inhoud wat hulle kan onderrig.

A HNKS
B NKR
C UBO
D SAKO

1.1.15 … is 'n stel uitkomste wat leerders aanmoedig om leer as 'n lewenslange aktiwiteit te beskou.

A Kritieke kruisveld-uitkomste
B Leeruitkomste
C Assesseringsuitkomste
D Ontwikkelingsuitkomste

(15 × 1) (15)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.15) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Om 'n ontvanklike houding te hê, verwys na die vermoë om nie alles net sommer te aanvaar nie.

1.2.2 Ons dink krities wanneer ons leer om kreatief te dink.

1.2.3 Hiërargies beteken dat inhoud en take toenemend makliker word.

1.2.4 Vroeë stimulering van die brein moedig neurons aan om met mekaar te skakel sodat die brein beter kan funksioneer.

1.2.5 Die tradisionele IK-toets het slegs leerders se kognitiewe intelligensie getoets.

1.2.6 'n Swanger vrou se geestestoestand het nie 'n invloed op die fetus se ontwikkeling nie.

1.2.7 Babas wat nie genoegsame voeding kry nie, sal waarskynlik kleiner wees en stadiger ontwikkel.

1.2.8 ’n Samelewing bestaan uit dieselfde kultuur en etniese groepe.

1.2.9 Volgens Bronfenbrenner sal ’n kind sosiaal ontwikkel wanneer hy/sy minimum kontak met die verskillende stelsels in sy/haar lewe het.

1.2.10 Die regering speel geen rol in kinders se ontwikkeling nie.

1.2.11 Volgens die Handves van Regte het almal die reg op basiese onderwys in Suid-Afrika.

1.2.12 Om hardop te dink terwyl jy verduidelik sodat leerders jou denkproses kan agterkom, is ’n voorbeeld van steiering.

1.2.13 Respek vir menseregte en waardigheid is een van die etiese verantwoordelikhede van ’n besinnende praktisyn.

1.2.14 Psigososiale ontwikkeling verwys na die ontwikkeling van persoonlike en professionele verhoudings met ander mense.

1.2.15 Mense se ontwikkeling begin op ’n baie jong ouderdom en neem in gehalte en hoeveelheid af namate hulle ouer word.

(15 × 1) (15)
**[30]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 2

2.1 Kies 'n item/term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.1.1 | 'n Onderwysstelsel wat verskillende vorme van ontwikkeling en leermetodes insluit | A | assosiasie |
| 2.1.2 | Om nuwe inligting te koppel aan inligting wat in die verlede geleer is | B | bevrugting |
| 2.1.3 | Al die elemente wat met die verloop van studie gedek sal word | C | kurrikulum |
| 2.1.4 | Liggaamstaal en gesigsuitdrukkings | D | selfbewussyn |
| 2.1.5 | Die eenwording van 'n vrou se eier en 'n man se saad om 'n fetus te vorm | E | introvert |
| 2.1.6 | Die fase waartydens die baba se liggaam gereed is om spesifieke veranderinge te aanvaar | F | koördinasie |
| 2.1.7 | Wanneer jy bewus is van jouself en jou optrede, gedrag, gevoelens en denke | G | niediskursiewe kommunikasie |
| 2.1.8 | Iemand wat daarvan hou om by mense te wees en krag en insig uit gesprekke met ander put | H | ekstrovert |
| 2.1.9 | Die vermoë om verskillende dele van die liggaam egalig en tegelyk te beweeg | I | kritieke tydperk |
| 2.1.10 | Geleidelike veranderinge wat oor generasies in 'n bevolking plaasvind | J | inklusiewe onderwys |
| | | K | intrapersoonlik |
| | | L | evolusie |

(10 × 1) (10)

2.2 Voltooi die volgende sinne deur 'n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| |
|---|
| Handves van Regte; nasionaliteit; kritieke; wanvoeding; besinning-oor-aksie; vooroordeel; tekortbehoeftes; sosio-affektiewe; onwillekeurig; mikrostelsel; besinning-in-aksie; mesostelsel; willekeurig |

2.2.1 … ontwikkeling wat plaasvind wanneer 'n persoon sy/haar gevoelens, verhoudings en waardes hanteer.

2.2.2 … is behoeftes wat eerste bevredig moet word, soos om te eet, te slaap en asem te haal.

2.2.3 Die … is die klein, onmiddellike omgewing waarin die kind leef.

2.2.4 Die ... is ’n lys van al die regte van alle mense in Suid-Afrika.

2.2.5 … verwys na ’n persoon se identiteit volgens die land waarin jou geboorte geregistreer is.

2.2.6 Dade wat spontaan is, is …

2.2.7 Om tydens onderrig terselfdertyd te besin en te ontleed, word … genoem.

2.2.8 … is ’n gevoel of mening wat sterk voorkeur aan een kant van ’n argument gee.

2.2.9 … is wanneer die liggaam nie die regte voedingstowwe gekry het om te groei en behoorlik te funksioneer nie.

2.2.10 Om doeltreffend te kan kommunikeer deur visuele en taalvaardighede te gebruik, is ’n … uitkoms.

(10 × 1) (10)

2.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings deur slegs die term langs die vraagnommer (2.3.1–2.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.3.1 Die amptelike beleid rakende spesiale behoeftes in onderwys

2.3.2 Die ontwikkeling van die bewustheid van die vyf sintuie

2.3.3 ‘n Familiestruktuur waar kinders die hoof van die gesin uitmaak, weens die afwesigheid van die ouers.

2.3.4 Die soort samelewing wat onder mense ontwikkel wat nie naby aan mekaar woon nie, maar aanlyn verbind is

2.3.5 Om aktief oor jou eie leerervarings, begrip en gedagtes na te dink en hierdie idees in ’n geskikte konteks toe te pas

2.3.6 Die proses waarin kennis en vaardighede gedeel of oorgedra word

2.3.7 Om iemand anders se werk te gebruik sonder om ’n verwysing daarvoor te gee

2.3.8 ’n Alfabetiese lys van al die hulpbronne wat ’n persoon in ’n studie gebruik het

2.3.9 Die vermoë om ander nie net te bejammer nie, maar om ook werklik te verstaan hoe hulle voel

2.3.10 Die koord wat die baba aan die plasenta verbind

(10 × 1) (10)

**[30]**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING B

## VRAAG 3

3.1 Kies die domein in Bloom se taksonomie uit die lys hier onder wat by elke stelling pas. Skryf slegs die woorde langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.7) in die ANTWOORDBOEK neer en gee 'n rede vir jou antwoord.

| kognitiewe domein; sosio-affektiewe domein; psigomotoriese domein |
|---|

3.1.1 Die leerder onthou of herroep mondelinge inligting.

3.1.2 Die leerder boots 'n ander persoon se aksies na.

3.1.3 Die leerder heg waarde aan leer en lug sy/haar persoonlike mening.

3.1.4 Die vermoë van 'n leerder om deur liggaamsbeweging te kommunikeer

3.1.5 Die leerder integreer nuwe waardes in sy/haar lewe.

3.1.6 Die leerder dra stimuli wat hy/sy ontvang het deur sy/haar sintuie na 'n gepaste omgewing oor.

(6 × 2) (12)

3.2 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

Mev Tshabalala het ná die Junie-eksamen besef dat haar Wiskunde-leerders nie die wiskundekonsep van meetkunde begryp nie. Sy het dit met haar kollegas bespreek en hulle het besef dat die meeste leerders in die graad nie die werk verstaan nie. Hulle besluit toe om die buurskool se hulp te vra met onderrig en ekstra notas oor meetkunde.

Toe die eksterne onderwyser van die buurskool die volgende dag die werk vir die klas verduidelik, besef mev Tshabalala dat die notas wat sy gebruik het verouderd is en dat hulle ook 'n bygewerkte handboek benodig. Die leerders het ná die tyd die werk verstaan en was dankbaar dat mev Tshabalala die ekstra les gereël het.

3.2.1 Definieer die term *besinnende toepassing.*

3.2.2 Verduidelik kortliks hoe mev Tshabalala besinning-in-aksie in die klaskamer toegepas het.

3.2.3 Verduidelik hoe mev Tshabalala besinning-oor-aksie in die klaskamer toegepas het.

3.2.4 Gee TWEE redes, deur na jou eie studies te verwys, waarom besinnende toepassing belangrik in jou lewe is.

(4 × 2) (8)

Kopiereg voorbehou 

3.3 Tabuleer die verskil tussen *formele* en *informele onderwys* en gee ’n voorbeeld van elkeen.

(2 × 2) (4)

3.4 Opvoeders het etiese verantwoordelikhede teenoor leerders.

Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (3.4.1.1–3.4.6) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

3.4.1 Skep ’n … leeromgewing eerder as dat daar deur absorpsie geleer word.

3.4.2 Gee leerders die geleentheid om beter begrip van hul eie … en houdings te verkry en om die gevolge van hul waardegebaseerde optredes te waardeer.

3.4.3 Leer leerders om erkenning aan mekaar se kennis te gee deur hul eie en ander se stemme in hul spraak en skryfwerk … en verwysings te gee.

3.4.4 Gee vir leerders geleenthede om hul gevoelens en oogpunte uit te druk wat hulle moontlik in ’n ... situasie ervaar het.

3.4.5 Verskaf ’n duidelike leerfokus deur die toepassing van ... wat in werklike situasies opgedoen is, te beklemtoon.

3.4.6 Help leerders om ander se gevoelens en … te verstaan deur die ervaring van situasies deur ’n ondersoek van ander mense se werk.

(6 × 1) (6)

**[30]**

**VRAAG 4**

Bestudeer die volgende maaltydplan van 'n vroeëkinderontwikkelingsentrum en beantwoord die vrae.

| Maaltye | Tye | Idees |
|---|---|---|
| Oggendmelk | 06:00 | Melk |
| Ontbyt | 08:00 | Graankos<br>Jogurt<br>Vrugte |
| Versnapering | 10:00 | Druiwe<br>Grondboontjiebotter<br>Oliebol<br>Sap |
| Middagete | 13:00 | Sardiens<br>Wortels<br>Spinasie<br>Lemoen |
| Versnapering | 15:00 | Grondboontjies<br>Rosyntjies<br>Aartappelskyfies |
| Aandete | 17:30 | Viskoekies<br>Pasta<br>Mielies<br>Pampoen |
| Slaaptyd-melk | 19:00 | Melk |

4.1 Verduidelik wat jy onder die term *wanvoeding* verstaan. (2)

4.2 Die onderwyser het sekere soorte kos by die sentrum se maaltydplan gevoeg.

Noem die voedingstowwe wat breinontwikkeling bevorder wat in die volgende soorte kos voorkom:

4.2.1 Rosyntjies

4.2.2 Sardiens

4.2.3 Grondboontjies

4.2.4 Druiwe

4.2.5 Wortels

(5 × 1) (5)

4.3 Dink jy dit is 'n goeie idee dat die onderwyser oliebolle en skyfies by die kinders se daaglikse maaltyplan gevoeg het? Motiveer jou antwoord met TWEE redes.

(1 + 2) (3)

4.4 Te veel suiker in 'n vroeëkinderontwikkelingsentrum se maaltydplan is nie 'n goeie idee nie.

Verduidelik hoekom. (2 × 2) (4)

4.5 Hoekom dink jy moet jong kinders versnaperinge tussen maaltye eet? Gee EEN rede. (2)

4.6 Stel VIER soorte kos voor wat ouers nie in hul kinders se kosblikke moet pak nie. (4 × 1) (4)

4.7 Stel voor hoe die etes en etenstye by die sentrum die volgende ontwikkelingsdomeine kan verbeter:

4.7.1 Sosiaal

4.7.2 Liggaamlik

(2 × 2) (4)

4.8 Stimulasie is net so belangrik vir breinontwikkeling as voeding.

4.8.1 Evalueer die belang van stimulasie vir babas.

4.8.2 Noem DRIE uitdagende aktiwiteite wat 'n opvoeder by sy/haar daaglikse skedule kan insluit om leerders se breinontwikkeling te bevorder.

(2 × 3) (6)

**[30]**

**VRAAG 5**

5.1 Lees die volgende gevallestudie en beantwoord die vrae.

| |
|---|
| Marie werk in die universiteit se biblioteek. Sy is baie lief vir taal en haar hoofvak is Frans. Justin werk ook in die biblioteek. Hy is blind ná 'n motorongeluk die vorige jaar. Hy is daarvoor verantwoordelik om die biblioteek se telefoon te beantwoord. Albei hou baie van hul werk en geniet dit om hul medestudente van diens te wees. |

5.1.1 Watter intelligensiestyl sal jy met Marie assosieer? Gee 'n rede vir jou antwoord.

5.1.2 Justin het sy sig in die motorongeluk verloor. Watter lob is beskadig? Ondersteun jou antwoord met 'n feit.

(2 + 2) (4)

5.1.3 Volgens Maslow moet mense se behoeftes in 'n sekere volgorde bevredig word. In die gevallestudie hier bo is Marie se fisiologiese, veiligheids- en sekuriteitsbehoeftes bevredig.

Noem die DRIE opeenvolgende behoeftes wat nog bevredig moet word. (3 × 1) (3)

5.2 Noem 'n liggaamlike ontwikkelingsmylpaal op elk van die volgende ouderdomme:

5.2.1 Ses maande

5.2.2 Nege maande

5.2.3 Twaalf maande

(3 × 1) (3)

5.3 Onderskei tussen *gemeenskap* en *samelewing*. (2 × 2) (4)

5.4 Bronfenbrenner het die manier verander waarop sielkundiges en ander sosiale wetenskaplikes die studie van mense en hul omgewing benader.

Gee TWEE voorbeelde uit jou persoonlike ervaring waar die volgende stelsels 'n positiewe invloed op jou lewe gehad het:

5.4.1 Mikrostelsel

5.4.2 Eksostelsel

(4 × 2) (8)

5.5 Watter DRIE negatiewe gevolge het sosiale uitsluiting na jou mening vir die mense in Suid-Afrika? (3)

5.6 Noem VYF spesiale behoeftes wat in Witskrif 6 genoem word. (5 × 1) (5)

**[30]**

**VRAAG 6**

Die Handves van Regte is 'n hoeksteen van demokrasie in Suid-Afrika: Kinders se regte word daarin uitgeengesit en alle burgers moet dit nakom.

6.1 Watter regte van Thato (8 jaar oud) word volgens jou in elk van die volgende scenario's geskend?

6.1.1 Thato se ouers stuur hom nie skool toe nie en sê dit is bloot tydmors.

6.1.2 Thato se ouers het nie sy naam en geboorte geregistreer toe hy gebore is nie.

6.1.3 Thato se ouers verskaf nie vir hom 'n voedsame dieet nie.

6.1.4 Thato se ouers dwing hom om elke dag vir lang ure in die winkel te werk.

6.1.5 Thato se ouers neem hom nie kliniek of dokter toe wanneer hy siek is nie.

6.1.6 Thato se ouers dwing hom om Engels te praat en laat hom nie toe om sy huistaal te praat nie.

(6 × 2) (12)

6.2 Noem DRIE vaardighede wat leerders sal aanleer wanneer onderwysers op kritieke kruisveld-uitkomste tydens onderrig en leer fokus. (3 × 2) (6)

6.3 Suid-Afrika is 'n land met diverse rasse en kulture.

6.3.1 Bespreek hierdie stelling.

6.3.2 Gee TWEE ander voorbeelde van diversiteit in Suid-Afrika.

(2 × 2) (4)

6.4 Definieer die volgende woorde:

6.4.1 Ombudspersoon

6.4.2 NRO

6.4.3 SAKO

6.4.4 Gelykheid

(4 × 2) (8)

**[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 120**

**TOTAAL: 180**

Kopiereg voorbehou